NOKKI LEER VAN WYN, AFTREDE EN BELEGGINGS

POSTMASBURG. Onder die voorsitterskap van mnr. Jimmy van der Linde is die behoefte geïndentifiseer om 'n finansiële produk aan NOKKI Postmasburg se lede te lewer.

Martin Möller het met Kobus Marais, Area Bestuurder van Ou Mutual, onderhandel en hy het op sy beurt met die idee vorendag gekom om 'n beleggings-/aftree-beplanning in 'n nuwe formaat aan te bied.

Hierdie was 'n eerste van sy soort dat hulle van Francois Scholtz (hul Beleggingspesialis) en Pieter Walser (wynmaker van Somerset-Wes en stigter van "Blanc Bottle") se kennis gebruik gemaak het in 'n goeie gekombineerde poging om beleggings en wynmaak interessant vir ons mense aan te bied.

Hopelik was die aanbieding vir elkeen wat die aand bygewoon het, interessant en leersaam. Daar was ook pret aan verbonde, wnat die gehoor kon probeer raai watter versnitte van wyn Pieter in sy bottels saamgevoeg het. Dit het egter maar gesukkel, want sy samevoegings is uniek en enig in sy soort.

Francois Scholtz het ons gaste twee maal laat dink oor hul eie aftrede en jou laat wonder of jou eie sake in orde is vir die aftreedag.

Van ons dogters van Postmasburg Hoërskool het die lede ne gaste bedien met wyn gedurende die wynproe-sessie.

Die aand was voorwaar aangenaam, maar die arme nie-wyndrinkers....



Foto regs bo V.l.n.r: Jimmy van der Linde, Kobus Marais (Ou Mutual), Pieter Walser (Wynmaker), Anna-Mari Drewer (Ou Mutual), Francois Scholtz (Ou Mutual), Waldo Visagie (Ou Mutual) en Martin Möller (Lin Makelaars)

GRIEKWAS RUGBY ONDERSTEUNER VAN FORMAAT

Foto en berig deur Tilana Engelbrecht.

Deon Uys 'n ware "fan" en hy is glad nie skaam om te wys waar sy lojaliteit lê nie. Dit is onseker wat sy meisie of sy ma van die saak dink. Die Kimberley Gazette dink dit is "cool" en waarskynlik dink al die Griekwa rugbyspelers ook so. Een ou kan gerus 'n drietjie druk ter ere van Deon Uys.